DIE PROVINSIE TRANSVAAL

**Buitengewone Offisiële Koerant**

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

**Official Gazette Extraordinary**

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE: S.A. 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

VOL. 230 PRETORIA 12 APRIL 12 APRIL 1988 4557

## Algemene Kennisgewing

KENNISGEWING 487 VAN 1988

BEOOGDE WYSIGING VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, 1939 (ORDONNANSIE 17 VAN 1939)

Besonderhede van die beoogde wysiging van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939) waarvan die Administrateur ingevolge artikel 16 van die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet 69 van 1986) op 11 April 1988 in "The Star" en "Beeld" gegee het, is soos in die Bylae hierby uiteengesit.

Volgens bogemelde nuusbladkennisgewings kan enigiemand wat kommentaar op die beoogde wysiging wil lewer, dit skriftelik doen en dit by my indien voor of op 10 Mei 1988 by onderstaande adres:

Privaatsak X437
Pretoria
0001

J J VAN DER WALT
nms. Provinsiale Sekretaris

PB 2-3-2-7-2-19

BYLAE

Wysiging van artikel 19 van Ordonnansie 17 van 1939 soos vervang deur artikel 27 van Ordonnansie 40 van 1960, en soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 16 van 1967.

**1.** Artikel 19 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (hierna die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (8) by te voeg:

"Met dien verstande dat die toelae wat aan die lid wat die burgemeester is, betaal word, nie minder moet wees nie as die toelae wat ingevolge artikel 61 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesing), 1960 aan die voorsitter van die bestuurskomitee betaalbaar is.".

Wysiging van artikel 118*bis* van Ordonnansie 17 van 1939, soos vervang deur artikel 18 van Ordonnansie 24 van 1966, en soos gewysig deur artikel 6 van Ordonnansie 16 van 1967, en artikel 23 van Ordonnansie 16 van 1984.

**2.** Artikel 118*bis* van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (4) by te voeg:

"Met dien verstande dat die toelae wat aan 'n lid wat die burgemeester is, betaal word, nie minder moet wees nie as die toelae wat ingevolge artikel 61 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 aan die voorsitter van die bestuurskomitee betaalbaar is.".

**3.** Dit word geag dat die bepalings van hierdie Proklamasie op 1 Julie 1987 in werking getree het.

## General Notice

NOTICE 487 OF 1988

PROPOSED AMENDMENT OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, 1939 (ORDINANCE 17 OF 1939)

Particulars of the proposed amendment of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), of which the Administrator gave notice, in terms of section 16 of the Provincial Government Act, 1986 (Act 69 of 1986), in "The Star" and "Beeld" of 11 April 1988 are set out in the Schedule hereto.

According to the above-mentioned newspaper notices any person who wishes to comment on the proposed amendment may do so in writing and lodge the same with me on or before 10 May 1988 at the undermentioned address:

Private Bag X437
Pretoria
0001

J J VAN DER WALT
for Provincial Secretary

PB 2-3-2-7-2-19

SCHEDULE

Amendment of section 19 of Ordinance 17 of 1939, as substituted by section 27 of Ordinance 40 of 1960, and as amended by section 1 of Ordinance 16 of 1967.

**1.** Section 19 of the Local Government Ordinance, 1939 (hereinafter referred to as the Principle Ordinance) is hereby amended by the addition to subsection (8) of the following proviso:

":Provided that the allowance paid to a councillor who is the mayor, shall not be less than the allowance payable to the chairman of the management committee in terms of section 61 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960.".

Amendment of section 118*bis* of Ordinance 17 of 1939, as substituted by section 18 of Ordinance 24 of 1966, and as amended by section 6 of Ordinance 16 of 1967 and section 23 of Ordinance 16 of 1984.

**2.** Section 118*bis* of the Principal Ordinance is hereby amended by the addition to subsection (4) of the following proviso:

":Provided that the allowance paid to a councillor who is the mayor, shall not be less than the allowance payable to the chairman of the management committee in terms of section 61 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960.".

**3.** The provisions in this Proclamation contained shall be deemed to have come into operation on 1 July 1987.